

## 6 Junie Efesiërs 1:4; 2: 8 -10

(Teks: 1:4)

### ***Uitverkies om heilig te wees***

Jy het pas 'n loflied op die verkiesende liefde van God gelees. Jy het sekerlik ook "saamgesing". Hoe ook anders? Wie sal nie sing oor die wonder van God se genade wat voorafgegaan - voor die grondlegging van die wêreld - aan alles wat ons is of doen! Hy het ons bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. Hy het ons eerste liefgehad en sy liefdeswil onkeerbaar deurgevoer sodat ons nou in Christus aan Hom mag behoort. Stof vir 'n lofsang!

Ons Vader se doelwit met ons in sy verkiesende genade is: "...om heilig en onberispelik voor Hom te wees." Hy het ons bedoel en bestem vir dade wat goed is, so heel en gesond soos die offerlamms (onberispelik) wat Hy altyd van sy volk gevra het

God se verkiesende liefde in Christus is 'n magtige stukrag en aansporing vir my om elke dag "ou klere" uit te trek en "nuwe klere" aan te trek (4:25). Valsheid word vervang met opregtheid, woede met vergewensgesindheid, grypsugtigheid met mededeelsaamheid, vloek en skel met hartlikheid. So het die Vader van ons Here Jesus Christus sy volk mos van die begin af gesien en in Christus bestem: Om heilig te lewe volgens die wil van God (4:24). Kan jy anders as om God se verkiesingsdoelwit vir jou van harte te aanvaar.

Sing Skrifberyming 24:2

Ds. AJ. du Plessis (Emeritus)